# Soek die Here met jou hele hart en siel





**2020-10-04**


**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

## Inleiding

- Soek mense nog werklik na die Here?
- Soek jy nog na die Here met jou hele hart en siel?





# Skrifgedeelte

- Deut 4:29

*Dan sal julle daarvandaan* ***die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek***

## Onthou God se dade & vertel

Deu 4:9  Neem jou net in ag en wees terdeë op jou **hoede**, dat jy die dinge **nie vergeet** wat jou **oë gesien het** nie, en dat hulle uit jou **hart nie wyk** al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit **aan jou kinders** en jou **kindskinders bekend** maak:

## Hoor God se woorde

**Deut 4:10** die dag dat jy voor die aangesig van die HERE jou God by Horeb gestaan het, toe die HERE aan my gesê het: Vergader die volk vir My, en Ek sal hulle my woorde laat hoor, dat hulle kan leer om My te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe, en dit aan hulle kinders kan leer.

## Kom Nader aan God

- **Deut 4:11** Toe het julle **nader gekom** en onder aan die berg gaan staan; en die berg het met vuur gebrand tot in die middel van die hemel, met duisternis, wolke en wolkedonkerheid.

## Ontvang Krag (Heilige Gees)

- Deu 4:12 En die HERE het met julle **uit die vuur gespreek**; julle het 'n stem van woorde gehoor, maar geen verskyning gesien nie—net 'n stem was daar.

## Doen wat God sê

- Deut 4:13 Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle **beveel het om te doen**, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe.
- Deut 4:14 Ook het die HERE my in dié tyd bevel gegee om julle die **insettinge en verordeninge te leer**, dat julle dit kan **doen** in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem.

## Moet nie afgode toelaat in jou lewe nie

- Deut 4:16 sodat julle nie verderflik handel deurdat julle vir julle ‘n gesnede beeld, ‘n gelykenis van enige afgodsbeeld, maak nie: ‘n afbeelding van man of vrou,
- Deut 4:19 dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, **jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie**
- Deut 4:24 Want die HERE jou God is ‘n verterende vuur, ‘n jaloerse God.

## Maak seker jy soek en vind die Here

- Deut 4:29 *Dan sal julle daarvandaan* ***die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek***
- Deut 4:31 Want die HERE jou God is ‘n **barmhartige God**; Hy **sal jou nie verlaat** en jou nie **in die verderf stort nie**; en Hy sal die **verbond** van jou vaders wat Hy hulle besweer het, **nie vergeet nie**.

## Uitnodiging

Jes 55:1 o **Almal wat dors** het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop **sonder geld** en sonder prys, wyn en melk!

- Vereiste: Jy moet dors wees.
- Dis vir almal
- Dit kan nie gemeet word nie.
- Reeds betaal



## God gaan nie altyd gevind kan word nie…

**Jes 55:6** Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.

**Hoe lank moet God nog uitnooi?**

**Spreuke 1:28** Dan sal hulle na my roep, maar ek sal nie antwoord nie; hulle sal my soek, maar my nie vind nie.

## Jesus is die water waarna jy soek

**Joh 7:37** En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: **As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink**!

**Openb 22:17** En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! **En laat hom wat dors het**, **kom**; en laat hom wat **wil**, die water van die lewe neem, verniet.



## Jesus vergeef en sal inkom

**Jes 55:7** Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want **Hy vergeef menigvuldiglik**

**Mat 7:7** Bid, en vir julle sal gegee word; **soek, en julle sal vind**; klop, en vir julle **sal oopgemaak word**.

## Soek met jou hele hart

**1Kron 28:9** En jy, my seun Salomo, ken die God van jou vader en dien Hom met 'n **volkome hart** en met 'n **gewillige siel**, want die **HERE deursoek al die harte**, en Hy verstaan elke versinsel van die gedagtes. **As jy Hom soek, sal Hy Hom deur jou laat vind;**

- Wat Gaan God in jou hart kry?
- Sal Hy ware en opregte soeke na Hom kry?



## Liefhê met jou hele hart, siel & verstand

**Mat 22:37** En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou **God liefhê** met jou hele **hart** en met jou hele **siel** en met jou hele **verstand.**

**Jou liefde vir God**

Rom 13:10 Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die **liefde die vervulling van die wet**.

## Afsluiting

**Mat 18:11** Want die Seun van die mens het gekom **om te red** wat verlore is.

**Mat 6:33** **Maar soek eers die koninkryk van God** en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.



## Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible;